ATKV-betrekkings

ATKV-hoofkantoor

Hulporganiseerder: jeugprojekte

Die ATKV is ’n dinamiese en snelgroeiende Afrikaanse kultuurorganisasie met ’n vakature vir ’n gekwalifiseerde persoon om as hulporganiseerder by die ATKV-hoofkantoor in Randburg diens te verrig.

Die ATKV volg ’n gelyke-indiensnemingsbeleid.

Vereistes

- ’n Toepaslike tersiêre kwalifikasie.
- Ondervinding met projekorganisering.
- Administratiewe en finansiële ondervinding.
- Rekenaarvaardig, met spesifieke verwysing na die Microsoft-produkreeks.
- Kennis van databasisse en die gebruik daarvan.
- Goeie taalvaardighede en kommunikasievermoë in Afrikaans en Engels.
- Goeie menseverhoudings.
- Moet beskik oor eie vervoer met ’n toepaslike lisensie.

Vernaamste verantwoordelikhede

- Bied administratiewe en organisatoriese ondersteuning met die beplanning, koördinering en uitvoering van projekte en aktiwiteite.
- Ondersteun projekorganiseerders met die implementering en suksesvolle afhandeling van projekte.
- Koördineer projekverwante reëlings, insluitend kommunikasie met deelnemers, beoordelaars, verskaffers en ander belanghebbendes.
- Berei projekdokumentasie voor, insluitend programme, sertifikate, kaartjies, beoordelaarsvorms en ander relevante dokumente.
- Hanteer algemene administratiewe take, dokumentbeheer, rekordhouding en die byhou van projekinligting.
- Verleen ondersteuning met die finansiële administrasie van projekte, insluitend die verwerking van prysgelde, betalings en verwante transaksies.
- Help met die bemarking en kommunikasie van jeugprojekte en -inisiatiewe.
- Koördineer die voorbereiding, verpakking en versending van projekverwante materiaal en items.
- Versamel, dokumenteer en bewaar relevante projek- en argiefmateriaal.
- Stel projekverslae en terugvoer saam en verseker dat inligting akkuraat en betyds beskikbaar is.
- Verleen leiding en ondersteuning aan ander hulporganiseerders waar nodig.
- Bied ondersteuning tydens kollegas se afwesigheid.

As jy graag hierdie pos wil beklee, stuur jou volledige CV aan:
ATKV-betrekkings by betrekkings@atkv.org.za
ATKV, Posbus 4586, Randburg, 2125

Sluitingsdatum: **17 November 2026**
Gebruik asseblief **HKKU15** as verwysing.

Indien jy vier weke ná die sluitingsdatum nog nie van die ATKV gehoor het nie, was jou aansoek onsuksesvol.